

Prakties, maklik om te maak en so lig dat kinders nie daarmee sal raas wanneer hulle die oulike kegels met die bypassende bal omklits nie

BENODIGDHEDE: Vir 3 kegels en 1 bal: Fiesta Kwik-Knit (25-g-bolle) 3 bolle elk rooi, wit en blou; hekelpen van 3,50 mm; bietjies vilt, kapok, sintetiese vulsel of skuimrubber om koppe en bal mee op te stop; 3 leë plastiekbottels met deursnee van ongeveer 9 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; gs - glipsteek; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; herh - herhaal; alt - alternatiewe; pat - patroon; weersk - weerskante; st(e) - steek (steke).

KEGELS VIR KLEINTJIES

KEGELS

AANWYSINGS: Met rooi; hekel 42 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

Hekel voort in kb-rondtes tot 15 rondtes voltooi is.

Begin streep-patroon. Hekel (3 rondtes blou, 3 rondtes wit) 4 keer, dan nog 3 rondtes blou — 27 rondtes streep-pat.

Halsvorming: Vlg rondte: (1 kb, slaan 1 kb oor) tot einde.

Vlg 4 rondtes: Deurgaans kb.

Vlg rondte: (1 kb, slaan 1 st oor, 5 kb) 3 keer — 18 ste.

Vlg 3 rondtes: Deurgaans kb.

KOP: Vlg rondte: Vermeer 1 st in elke 2e st (=9 vermeerderings) — 27 ste.

Hekel 1 rondte kb.

Vlg rondte: Vermeer 1 st in elke 3e st (=9 vermeerderings) — 36 ste.
Hekel 1 rondte kb.

Vlg rondte: (3 kb, slaan 1 kb oor) 9 keer — 27 ste — hekel 1 rondte kb.

Vlg rondte: (2 kb, slaan 1 kb oor) 9 keer — 18 ste — hekel 1 rondte kb.

Vlg rondte: (1 kb, slaan 1 kb oor) 9 keer — 9 ste — hekel 1 rondte kb.

Laaste rondte: Slaan elke alt st oor, knip garing af, ryg deur laaste rondte om werk in te trek en werk stewig vas. Werk los draadjes netjies weg. Stop kop op, trek gehekelde silinder oor plastiekbottel, knip 'n ronde stuk vilt met 9-cm-deursnee (of soos benodig), werk dit onder in silinder vas om bodem te vorm. Knip 2 ronde stukkes vilt om oë voor te stel en lym dit vas. Borduur mond met rooi garing.

BARETTE

Draai garing 2 keer om vinger en hekel 6 kb in ring.

Vlg rondte: kb, vermeer in elke 2e st — 12 kb.

Vlg rondte: kb, vermeer in elke 3e st — 18 kb.

Hekel nou voort in 'n spiraal, vermeer 46 keer 1 st in elke 5e steek, daarna 10 keer in elke 10e st — 80 ste.

Hekel 4 rondtes sonder vermeer.

Begin vermin, steeds in spiraal, vermin 6 keer 1 st in elke 12e st, daarna 20 keer 1 st in elke 8e st. Hekel 3 rye sonder vermin.

Knip garing af en heg af.

Maak 'n rooi pompon en werk dit bo in middel van baret vas.

Plaas baret op kop en werk stewig vas met naald en garing.

BAL

Bestaan uit 4 eenders gehekelde pantjies: 1 wit, 1 blou, 2 rooi.

Begin met 2 ks en vermeer 1 st aan weersk van vlg 3 rye.

Vermeer 1 st aan weersk van daaropvlg 3 alt rye.

Vermeer 1 st aan weersk van daaropvlg 3e ry.

Hekel 6 rye reguit.

Begin vermin. Vermin 1 st aan weersk van vlg ry. Hekel 3 rye.

Vermin 1 st aan weersk van vlg 3 alt rye. Vermin 1 st aan weersk van daaropvlg 3 rye.

Knip garing af.

Hekel 4 sulke pantjies, werk hulle met naald en garing aanmekaar, stop op en werk toe. Lym viltoë aan een van pantjies vas en borduur 'n mond soos op foto gesien kan word.

